

# 2024

*Verkorte verslag*



**NW***K*

BEHEREND BEPERK

*Jou*  
dinamiese vennoot



# NWK

## bereik gestelde strategieë – nou gerat vir die toekoms

**N**á 'n sterk El Niño-effek in die NWK-gebied gedurende die jaar onder Noorsig, kon die groep se 2023-rekordresultate nie herhaal word nie. Die volhoubare resultate wat vir die jaar tot 30 April 2024 gelewer is, bevestig egter dat die strategieë wat die afgelope ses jaar gevolg is, suksesvol geïmplementeer is – met 'n nuwe fase wat nou betree gaan word.

Produsente se konserwatiewe kooppatrone te midde van ondergemiddelde reënval en swak verspreiding van reën deur die seisoen het veral bygedra tot die Handel- en Meganisasie-segmente se wesenlike laer prestasie. Die Graan-segment het uitstekend presteer op grond van rekordoes wat die vorige jaar ontvang is terwyl die Logistics-afdeling 'n bestendige winsbydrae gelewer het.

Die sonneblomoliepers het te midde van die effek van uitdagende munisipale toestande bevredigend presteer en die ander segmente het bevredigend tot goed gevaar. Die nuwe AgTech@NWK-besigheid se fokus op tegnologie, hommeltuigtoerusting en -dienste is opwindend en bevestig die groep se toewyding tot tegnologie en innovasie.

Die groep se blywende teenwoordigheid en progressiewe benadering in landbou is onmiskenbaar en bied vir ons belanghebbendes 'n belowende toekoms in vennootskap en innovasie. Presies wat jy kan verwag van NWK – jou dinamiese vennoot.

# Inhoudsopgawe

|   |           |
|---|-----------|
| <b>Voorsittersorsig</b> .....   | <b>2</b>  |
| <b>Direkteursverslag</b> .....  | <b>5</b>  |
| <b>Verkorte gekonsolideerde finansiële jaarstate</b> .....              | <b>20</b> |
| Goedkeuring van die verkorte gekonsolideerde finansiële jaarstate ..... | 21        |
| Staat van finansiële stand .....  | 22        |
| Staat van omvattende inkomste .....                                     | 23        |
| Staat van veranderings in ekwiteit .....                                | 24        |
| Kontantvloeistaat .....   | 25        |
| Aantekeninge by die verkorte finansiële jaarstate .....                 | 26        |



# Voorsittersverslag

vir die jaar geëindig 30 April 2024

**Boerdery was** histories 'n leefwyse en hoofsaaklik familie-georiënteerd. Dit word ook beskou as die oudste beroep, ten spyte van sekere doemprofete se reaksie op hierdie stelling. Die hedendaagse produsent bedryf 'n besigheid in eie reg en die wetenskap en tegnologie het so vinnig verander dat die produsent wat finansieel wil oorleef, noodgedwonge sekere aanpassings moet maak.

Diegene in landboubesighede is ook beskou as tipies tradisioneel, met 'n weerstand teen verandering, maar 'n maatskappy soos NWK sal nie al 115 jaar lank bestaan as NWK nie aanpas nie. Die hedendaagse landboubesighede – en ek sluit die produsent daarby in – is egter gesofistikeerd en dinamies en verandering wat plaasvind, word ook deur snelle vordering in tegnologie, kommunikasie en globalisering gedryf. Die verandering in tegnologie, demografie, ekonomie en klimaat kan tot dramatiese verandering in die vraag na en aanbod van voedsel lei. Verbruikers regoor die wêreld is meer ingelig en stel hoër vereistes. Die totale landbousektor staan voor 'n enorme uitdaging, naamlik om die snelgroeiende wêreldbevolking te voed en terselfdertyd die omgewing te bewaar in die uiterste weersomstandighede wat die natuur deesdae bied.

Dit word ook al hoe duideliker dat die onsigbare faktore wat die sukses van landboubesighede soos NWK in die nuwe omgewing bepaal, nie fisiese en ekonomiese hulpbronne is nie, maar eerder mensekapitaal. Die mensekapitaal, of die persone wat in die verskillende bedrywe van die voedselproduksieketting werk, moet behoorlik opgelei wees en die vermoë hê om te kan aanpas. Dit sluit almal in – van die personeëlid op die laagste posgraad tot diegene op die vlak van die uitvoerende bestuur. Dié wat nie die dinamika verstaan of wil verstaan nie, sal ongelukkig moet plek maak vir ander wat dit wel verstaan. Diegene wat die verandering in verbetering kan omskakel, is hulle teenstanders myle vooruit en is strategies goed vir NWK.

NWK moet die vermoë hê om met sy tradisionele gehoor, naamlik aandeelhouers, klante, verskaffers en personeel, te kan kommunikeer. Ons sal egter ook moet uitreik na ander betrokkenes soos die verbruiker en diegene wat hulle invloed by regulatoriese instansies en die media kan laat geld, hetsy op die tradisionele wyse of deur die media in die nuwe formaat te gebruik.

Dit bly vir my egter vreemd en onverstaanbaar dat die landbou per sé, asook landboubesighede, voortdurend in die visier van die owerhede is. Met die algemene verkiesing wat onlangs plaasgevind het, bevind ons onself in onsekere tye met 'n nuwe politieke bestel wat die lig gesien het. 'n Groot aantal produktiewe ure gaan verlore om voortdurend die perspektief daar te stel en onnodige koste word in die proses aangeaan. Ek vertrou dat die samesprekings wat Agbiz namens die landboubesighede met die owerhede voer, tog vrugte sal afwerp.

## Korporatiewe bestuur

Die onderskeie direksiekomitees vergader op 'n gereelde basis om oor bepaalde aangeleenthede terugvoer en aanbevelings aan die raad te verskaf. Die werksaamhede is na my mening van hoogstaande gehalte en voeg groot waarde toe tot die besigheid. Die vereistes soos deur die Maatskappywet en King IV aan maatskappydirekteure gestel, noodsaak dat daar op 'n gereelde basis na die funksionering van die onderskeie direkteure en die direksiekomitees gekyk word.

Julius Mahne, direkteur van wyk 1, tree as gevolg van die vereistes van die akte van oprigting van NWK Beherend af. Hy het vir 17 jaar op die direksie gedien en het in die oudit- en risikokomitee, die nominasiekomitee, mensekapitaalkomitee en maatskaplike en etiekkomitee gedien, by sommige as voorsitter. Voorts was hy voorsitter van die raad van trustees van NWK se Sambreel Pensioenfonds.

Theo Rabe, groep hoof uitvoerende beampte (groep-HUB) van NWK Beperk, se kontrak is op sy versoek met net een jaar tot 30 April 2025 verleng. Sy opvolger, die huidige groep hoof finansiële beampte vir NWK Beperk, Pieter Kleingeld, is reeds aangewys om by hom oor te neem. Die proses is aan die gang om sy pos te vul. Pieter Coetzer, senior bestuurder vir Handel, tree op 31 Julie af en sy opvolger is reeds aangewys.

Die samestelling van die direksie begin ook anders lyk en gaan in die volgende jaar of twee taamlik verander. Dit is egter vir my 'n groot bekommernis dat die jonger geslag aandeelhouers en produsente nie so aktief by georganiseerde landbou en sy strukture betrokke is nie. Dit is hier waar wyer blootstelling verkry en netwerke gebou word om voor te berei om sinvolle bydraes in ander organisasies, landboustrukture of direksies te lewer. Die potensiaal onder ons jong produsente is baie goed en daar kort net 'n klein verandering in prioriteite om meer gefokus te wees op NWK – die maatskappy waarin hulle aandeelhouers is.

## Resultate

NWK se resultate ná belasting vir die finansiële jaar geëindig op 30 April 2024 is net meer as 10% swakker as die rekordjaar van 2023. In sekere departemente moes daar weens prysdalings op sekere produkte afskrywings gedoen word om waardes nader aan netto gerealiseerde waardes te bring. Dit het ongelukkig 'n negatiewe invloed op die groep se resultaat gehad.

Die goeie graanopbrengste in 2023 was 'n welkome inspuiting vir produsente en kapitaalgoedere kon vervang word. Die waarskuwings van 'n moontlike El Niño in 2024 het egter 'n demper geplaas op moontlike besigheid wat gedoen sou kon word. Die westelike deel van NWK se bedieningsgebied is veral swaar deur ondergemiddelde reënval en swak verspreiding van reën deur die seisoen getref. Teen druktyd is daar 'n beter prentjie van wat werklik ten opsigte van oesvoorsigte gebeur het. Dit is duidelik dat produksienings nie almal afgelos sal word nie en dat oorlaatskuld ongelukkig in 'n mate sal verhoog. NWK sal soos in die verlede en op meriete die ekstra myl loop om produsente in hierdie omstandighede by te staan.

## Ander sake

Die strategie en beleid waarop die direksie en bestuur 'n paar jaar gelede besluit het, is suksesvol afgehandel of naby voltooiing. 'n Volgende fase word betree en ek glo dat NWK onder die nuwe bestuur wat eersdaags aan die spits gaan staan, getrou aan sy waardes en gesonde finansiële basis oor baie dekades, ook suksesvol sal wees.

Die direksie se beleid oor dividende en die lojaliteitsprogram is onveranderd en die fokus om vir die aandeelhouers 'n billike opbrengs op hul belegging te gee, is steeds een van die raad se prioriteite.

Die terugkoop van aandele van aandeelhouers van 70 jaar en ouer was nie so gewild soos dié van die vorige jaar nie. Die direksie beplan om weer in die 2025- finansiële jaar so 'n skema voor te stel. Die uitdagende produksiejaar wat verby is en die invloed daarvan op die kontantvloei van NWK sal deeglik in berekening gebring word alvorens so 'n skema moontlik in die tweede deel van die finansiële jaar aanbeveel word.

*Die potensiaal onder ons jong produsente is baie goed en daar kort net 'n klein verandering in prioriteite om meer gefokus te wees op NWK.*

## Dankbetuigings

Gun my die geleentheid om ons hemelse Vader te bedank vir Sy genade en seën aan NWK vir nog 'n suksesvolle jaar. Dankie aan alle aandeelhouders, klante en verskaffers vir julle ondersteuning.

Dankie aan die ondervoorsitter, Pieter Jansen van Vuuren, en ander mededirekteure vir julle lojale steun. Julle volgehoue toewyding en ondersteuning maak dit makliker vir my om die uitdagings wat daar is die hoof te bied. My dank ook aan die onderskeie komitee lede vir julle bydrae en waardevolle insette.

Vir die harde werk van alle personeel om NWK te laat groei – baie dankie. 'n Besondere woord van dank aan Theo Rabe, die groep-HUB, en die ander bestuurslede vir die ywer waarmee hulle hulle taak verrig en help verseker dat NWK 'n gerekende landboubesigheid is en bly. Dankie vir die gemeenskaplike visie en ondersteuning ook aan my. Dit word opreg waardeer.

'n Spesiale woord van dank aan Julius Mahne en Pieter Coetzer vir hulle dienste verrig tot voordeel van NWK en al sy vennote. Ek gun julle die aftrede, of liever die toetrede tot ander velde en nuwe geleenthede wat moontlik oor julle pad mag kom. Theo Rabe is nog vir 'n tydjie saam met ons en daar sal by 'n latere geleentheid van hom afskeid geneem word.

Ek vertrou dat 'n ieder en elk 'n voorspoedige seisoen en jaar sal beleef en dat NWK jou dinamiese vennoot in 'n veranderende besigheidsomgewing sal wees en bly.



**Heinrich Krüger**  
*Voorsitter NWK Beherend*

18 Julie 2024

Die voorsitter se oorsig is nie geouditeer  
of onafhanklik nagegaan nie.



# Direkteursverslag

vir die jaar geëindig 30 April 2024

**Die groep** het volhoubare resultate vir die finansiële jaar gelewer wat aandui dat die strategieë wat die afgelope ses jaar gevolg is, suksesvol geïmplementeer is. Die 2023-rekordresultate kon nie herhaal word nie as gevolg van faktore wat later in die verslag bespreek sal word.

Die wins van R245 miljoen (2023: R283 miljoen) vir die jaar ná belasting verteenwoordig 'n daling van R38 miljoen of 13%.

Aangesien die groep hoofsaaklik in die landbouomgewing besigheid bedryf, is klimaat 'n groot risiko. Ons was reeds met die vorige verslag bewus dat 'n moontlike El Niño-effek wat droër weerstoestande teweeg bring, gedurende die 2023/2024-plantseisoen sou heers. Die weerstoestande het realiseer en veral die groep se westelike gebiede is swaar getref. Produsente was goed ingelig oor die risiko's en ons het ervaar dat die Handel-segment wesenlik laer presteer het as die vorige paar jaar. Dit is die resultaat van 'n konserwatiewe benadering deur die produsente wat gelei het tot 'n wesenlike afname in produsente se kooppatrone.

Insetkoste vir die produsent het stabiliseer ná die vorige jare se hoëpersentasiestygings, en in baie gevalle is groot kostedalings aan die produsente deurgegee. As gevolg van strategiese aankope in die vorige finansiële jaar en pryse van chemikalieë wat gedaal het, was daar hoë vlakke van voorraad wat gedurende die jaar en op jaareinde na netto realiseerbare waarde afgeskryf moes word. Meganisasie het 'n wesenlik negatiewe bydrae tot die groep se resultaat gelewer, te midde van rekordeenheidverkope van heelgoedere, hoofsaaklik as gevolg van die dra van te hoë waarde van voorraad en afskrywing van tweedehandsevoorraad-waardes na netto realiseerbare waarde. Die bestuur het reeds kontroles ingestel om 'n herhaling van die probleme te beperk.

Die Graan-segment het uitstekend presteer op grond van die rekordoes wat die vorige jaar ontvang is. Die segment groei steeds en gaan van krag tot krag. Die Logistics-departement het ook uitstekend gevaar en hulle verdien lof vir die uitbou van winsgewendheid. Die uitwerking van die huidige El Niño-klimaatverskynsel sal eers in die 2025- finansiële jaar in die resultate van die Graan-segment reflekteer.

Die Epko-sonneblomoliepers het te midde van baie uitdagende toestande bevredigend presteer. Weens beurtkrag en munisipale-infrastruktuurprobleme kon daar vir meer as agt weke nie geproduseer word nie. Die helfte van die verlore produksietyd was in tydperke waar goeie marges op sonneblomru-olie gerealiseer kon word. Die direksie het verskeie risikomitigerende oplossings vir die kragkrisis oorweeg, maar uiteindelik is besluit om saam met ander besighede 'n direkte kraglyn na 'n Eskom-substasie te bou. Die direkte verkryging van krag vanaf Eskom is uiteindelik deur die Ditsobotla Munisipaliteit goedgekeur.

Die ander segmente het bevredigend tot goed presteer. Hier moet ons ook die groei van Agtech (landboukundige dienste) binne NWK uitlig, met die fokus op tegnologie, hommeltuigtoerusting en -dienste.

## Direksie en bestuur

Opvolgbeplanning is in die moderne era kardinaal vir 'n besigheid se voortbestaan. Dit is nie 'n proses waarvoor jy altyd op alle vlakke voorsiening kan maak nie. Noodgedwonge gaan verskeie veranderinge oor die volgende drie jaar geskied. Die meeste veranderinge geskied op grond van maksimum ouderdom wat bereik word. Daar tree vier onafhanklike wyksdirekteure oor die volgende drie jaar af, waaronder die voorsitter van die direksie.

Die groep hoof uitvoerende beampte het besluit om teen nie later nie as 30 April 2025 uit te tree, en die huidige groep hoof finansiële beampte is as opvolger aangewys teen 'n datum nie later nie as 1 Mei 2025. Dus gaan daar ook ná die nodige prosesse 'n nuwe groep hoof finansiële beampte aangewys word. Die senior bestuurder Handel tree einde Julie 2024 op ouderdom af en 'n opvolger is reeds aangewys en het op 1 Mei diens aanvaar.

By voorbaat dank aan al die ampsbekleërs vir hulle onbaatsugtige diens aan die NWK-groep.

## Fokusareas van die direksie

- ◆ Opleiding van direksielede
- ◆ Ontwikkeling en aanstelling van niewyksdirekteure
- ◆ Hersiening van reglemente van direksie en direksiekomitees
- ◆ Hersiening van die akte van oprigting
- ◆ Voorsitter se opvolgbeplanning
- ◆ Ondersoek van 'n geskikte OMB-verslagraamwerk
- ◆ Vul van die vakature vir die groep hoof finansiële beampte
- ◆ Stigting van die NWK Ontwikkelingstrust

## Landboukommoditeite

### WEER

Die 2023/2024-produksieseisoen het met voldoende reën vanaf Oktober 2022 tot Desember 2022 begin. Al was daar 'n droë tydperk vanaf Januarie 2023, was tydige reën in Februarie 2023 die perfekte resep vir 'n rekordoes. Die oostelike streek se gemiddelde reënval vir die 2022/2023-tydperk was 756 mm. Vergeleke met die ooste het die westelike streek 'n laer gemiddelde reënval ervaar, wat normaal is. Die gemiddelde reënval vir 2022/2023 vir die westelike streek was 584 mm. Algeheel was die gemiddelde reënval vir 2022/2023 615 mm, wat met historiese tendense ooreenstem.

Produsente het soja- en sonneblomgewasse vanaf Maart 2023 begin oes en vroeg in Junie 2023 klaargemaak. Mielie-lewerings het laat in Mei 2023 begin en tot vroeg in September 2023 voortgeduur.

### GRAANAFDELING

Gedurende die 2023/2024-seisoen was mieliepryse tot in November 2023 minder onbestendig. Vanaf die middel van November het pryse gestyg as gevolg van die droogte-effek wat deur El Niño veroorsaak is, asook hoër uitvoervraag, veral mielies, na lande in Afrika. Die CBOT-mielieprys het vanaf 'n rekordhoogtepunt van \$6,71/skepel in Junie 2023 tot \$4,65/skepel in Mei 2024 gedaal. Die rand/dollar-wisselkoers was redelik onbestendig in die tydperk vanaf Mei 2023 tot Julie 2023. Die rand/dollar het vanaf die einde van Mei begin versterk ná die Suid-Afrikaanse rentekoersverhoging met 'n verdere 50 basispunte en die Amerikaanse rentekoersverhogingsiklus wat onderbreek is. Die inflasiekoers het vanaf 6,8% tot 6,3% gedaal en die beurtkragfases is verlaag, wat 'n positiewe effek op die rand/dollar gehad het. Vanaf Julie 2023 het die rand/dollar tussen R19,2/\$ en R18,2/\$ beweeg. As gevolg van die hoë vraag was mieliepryse minder sensitief vir die CBOT-mielieprys en veranderinge in die rand/dollar. Oliesaadpryse het egter meer onbestendig verhandel. Die rede hiervoor was hoofsaaklik veranderinge in die ses hawens se pryse vir sonneblomolie en CBOT-pryse vir sojaboonolie en meel.

Die segment het daarin geslaag om 'n wins van R241 miljoen vir die 2023/2024- finansiële jaar te behaal. Die wins was R58 miljoen of 32% meer vergeleke met dié van die vorige finansiële jaar.

### SILODIENSTE

Silodienste bedryf 39 stoorgeriewe in en om Noordwes. Hierdie graangeriewe is toegerus om graan doeltreffend te ontvang, stoor en versend, en bied ook verkeie graanhanteringsdienste soos sifting en droging van graan.

Die winsgewendheid is uiters afhanklik van die volume en gehalte van die graan wat ontvang word, en 'n groot bydraende faktor is die tempo van versending soos dit deur die mark benodig word. Aan die begin van die seisoen was oordragvoorraad op 27% minder as in die vorige seisoen, wat inkomste uit stoorplek onder druk geplaas het. Tydens die vorige drie seisoene het NWK jaar tot jaar rekordversendings gehad, en die afgelope seisoen was geen uitsondering nie. Weer eens is 'n rekordhoeveelheid graan van meer as twee miljoen ton versend. Die groot vraag na versending is hoofsaaklik deur sterk uitvoere na lande soos Zimbabwe, Namibië en Botswana



aangevoer. Die uitvoermark het ook veroorsaak dat plaaslike meulenaars toenemende deurvloei gehad en meer aflewering benodig het.

Uitdagings met beurtkrag was net so algemeen soos altyd en die gebruik van kragopwekkers is noodsaaklik om bedryfsdoeltreffendheid te verseker. Die gepaardgaande koste het daartoe gelei dat drie silo's met sonenergiestelsels toegerus is, en nog meer word oorweeg. Die instandhouding van betonsilobakke en verouderende toerusting plaas marges steeds onder druk, aangesien die koste om infrastruktuur te herstel en in stand te hou elke jaar toeneem, selfs met meer as die inflasiekoers. Sekuriteitskoste om bates te beskerm, het skerp gestyg as gevolg van die behoefte om ons infrastruktuur en die sonenergiestelsel te beskerm namate meer diefstalvoorvalle aangeteken word.

Die afgelope landboujaar se graanontvangste beloop 3,2% minder as in die vorige seisoen.

Ingenieursdienste speel 'n integrale rol om die ratte aan die draai te hou en die silostelsel teen maksimum doeltreffendheid te laat werk. 'n Sterk fokus val op die verbetering van kostedoeltreffendheid, terwyl daar steeds seker gemaak word dat herstelwerk en instandhouding behoorlik gedoen word om te verseker dat ons bates lank hou. Die strategiese beplanning neem die gebruik van die korrekte en kostedoeltreffende materiaal en produksieprosesse in ag, asook die doeltreffende gebruik van arbeid.

Ons het groot vordering gesien, onder andere in die opgradering van PLC-stelsels en infrastruktuur, wat noodsaaklik is om silo's operasioneel te hou. Die doel van voorkomende instandhouding eerder as net herstelwerk en die ervaring van die verwante staantyd betrokke word as baie belangrik beskou. Infrastruktuur kry ook aandag, byvoorbeeld die herstel en instandhouding van toegangspaaie na silo's en die omliggende grondpaaie regdeur Noordwes.

### GRAANBEMARKING

Graanverhandeling het 'n belangrike bydraer tot die segment geword, nie net deur wins deur verstandige transaksies te maak nie, maar ook deur marktoegang en kanale na produsente, handelaars en eindgebruikers te skep. In die afgelope seisoen is die grootste volume graan verkry en verhandel, en die finansiële resultate is in pas daarmee. Winsgewendheid is deur 'n sterk uitvoermark na Noord-Afrika ondersteun, en deur die vermoë om die grootste gedeelte van verlies met die deurvoering van suksesvolle prysbepalingstrategieë en die verskansing van voorraad te dek.

Finansiële prestasie het beduidend verbeter ná 'n baie uitdagende 2021/2022-seisoen, wat deur groot volumes laergehaltegraan en skerp stygings in rentekoerse gekenmerk is.

Die Verhandelingsafdeling het voortgegaan om op gevestigde strategiese vennootskappe voort te bou, veral met betrekking tot meuledeurkontrakte, met die fokus op die bestuur van risiko vir die klient en NWK. Kontrakte buite die historiese geografiese-gediensgebiede is aangegaan en verdere groei word verwag. Enige uitbreiding word deeglik nagevors en slegs aangepak as dit sal inpas by NWK se kernbesigheidsetiek en Betrokka-strategie, wat tot voordeel is van alle partye wat betrokke is.

Uitvoermarkte sal na verwagting in die komende jaar sterk bly as gevolg van produksie wat onder druk is ná ondergemiddelde reënval in die grootste dele van Afrika. Terselfdertyd kan die risiko vir hoë verliese as gevolg van onvoldoende drakrag in die mark marges onder druk plaas.

### LOGISTICS

Die Logistics-vloot bestaan uit 35 trokke en bedryf hoofsaaklik losservragmotors en kantelwaens, asook olietenkers en 'n laebedrok vir die vervoer van masjinerie en trekkers.

Tonne graan wat vervoer is, was 20% meer as in die vorige finansiële jaar as gevolg van die groot vraag van spesifiek die graansektor in die tydperk vanaf November 2023 tot Maart 2024. Winsgewendheid het verbeter, hoofsaaklik as gevolg van die vervoer van 'n groter tonnemaat en 'n gerigte fokus om langer roetes aan te pak.

*In die afgelope seisoen is die grootste volume graan verkry en verhandel, en die finansiële resultate is in pas daarmee.*

Logistics speel 'n belangrike rol in die oorkoepelende groeistrategie van die segment, hetsy deur plaaslike vervoer of die vervoer van goedere buite ons historiese bedieningsgebied. Dit ondersteun die doeltreffende uitvoering van meuledeurgraankontrakte en die bou van sterk verhoudings met strategiese vennote om 'n diensleweringvennoot van keuse te wees, veral in Noordwes en omliggende streke. Vennootskappe help om die seisoendale tendense te beding wat kenmerkend van die graanmark is.

Die trokke wat onlangs aangeskaf is, het met hulle beter brandstofdoeltreffendheid 'n wesenlike verskil aan die oorhoofse prestasie van die afdeling gemaak. Dieselpriyse het beduidend gestyg in die eerste ses maande tussen Mei 2023 en Oktober 2023, wat ook die oesseisoen ingesluit het. Beter brandstofdoeltreffendheid het bygedra om die koste te versag wat deur hierdie hoër brandstofpryse meegebring is. Marges in die vervoersektor het later in die seisoen onder druk gekom as gevolg van oorskottrokke uit ander bedrywe soos die mynbousektor wat die graanmark binnegekom het. Beter bandebestuur en verwante optimale verkryging van bande het tot die oorkoepelende resultate bygedra.

Staantyd, duur herstelwerk, onklaarrakings en onmededingende brandstofverbruik deur die oorblywende gebruikte en verouderde trokke plaas steeds marges en doeltreffendheid onder druk en sal in die aktief bestuurde vervangingsplan hanteer word. Die verskaffing van vervoerdienste aan ander bedrywe word voortdurend as deel van die groeistrategie ondersoek.

## Handel

### KLEINHANDEL

Die droogte in veral die westelike gebied het 'n wesenlike impak op die omset van die departement gehad. Verkope op byna alle produkreekse was as gevolg hiervan laer.

Besproeiing het beter presteer die afgelope jaar, waarskynlik weens die droogte en die installering van sonkragstelsels, wat die negatiewe effek van beurtkrag teengewerk het.

Daar was 'n aansienlike styging in die verkope van brandstof, wat toegeskryf kan word aan die prestasie van nuwe vulstasies soos Vryburg en Total Lichtenburg, asook die feit dat daar van regeringskant toetse gedoen is op verskeie vulstasies se diesel. Die uitslag hiervan het getoon dat NWK se diesel deurlopend aan die standaardte voldoen het.

Die agentskappe se bydrae tot die wins van die departement het in die afgelope jaar met 27% toegeneem. As gevolg van struktuurveranderinge binne die Aankoopafdeling kon voorraad binne norme bestuur word en is die teikens vir finansieringskoste behaal, ondanks die rentekoerse wat hoog gebly het.

### MEGANISASIE

Ten spyte daarvan dat die departement 'n goeie omset behaal het, was die netto resultaat teleurstellend. Uitstekende verkope in die eerste deel van die jaar het drasties afgeneem, met die gevolg dat daar te veel nuwe en tweedehandse items in voorraad was. 'n Herwaardasie is op tweedehandse items gedoen en kospryse is afwaarts aangepas. Dit het meegebring dat Meganisasie 'n negatiewe bydrae tot die segment se resultaat gelewer het.

### MIDCHEM, NWK SAAD EN KUNSMIS

Daar is besluit om Midchem en NWK Saad in een departement saam met Korrel- en Vloeibare Kunsmis te voeg. NWK Saad kon ten spyte van die uitdagende jaar goeie resultate behaal. Die twee kunsmisafdelings was weens prysdaling deurlopend onder druk, maar het steeds baie gunstige resultate behaal. Weens die drastiese dalings in veral glifosaatpryse wêreldwyd moes daar by Midchem prysaanpassings na netto realiseerbare waardes gedoen word. Die gevolg hiervan is dat hierdie afdeling vir die eerste keer sedert sy inlywing by NWK die jaar met 'n verlies afgesluit het. Alle probleemprodukte is egter nou uitbestuur en dit sal nie 'n invloed op die nuwe jaar hê nie.

## LANDBOUKALKSTEEN-ONTGINNING

Die 2023/2024-jaar het bevredigende resultate opgelewer, met die hoogste bydrae ooit van R17,5 miljoen tot die groep se wins. Dit was hoofsaaklik as gevolg van verkoopsvolumes wat deur die gunstige landboumarktoestande bevorder is, asook van goeie kostebestuur. Bastion het 'n baie sterk netto bedryfskontantvloei-prestasie getoon, wat hulle toegelaat het om skuldvlakke te verlaag en kapitaalprojekte te befonds met geen bykomende skuld nie.

Die produksie-aanlegte het stewige bedryfsprestasie gelewer, met 'n toename in produksiekapasiteit in reaksie op die groter vraag. Beurtkrag het egter wel met sommige van die bedrywighede die produksiekapasiteit beïnvloed, en verskuiwings is gemaak om die risiko te verminder dat verkope as gevolg van onvoldoende voorraadvlakke verloor word. Goeie vlakke van beginvoorraad by alle bedryfspersele het die vermoë verbeter om bestellings uit te voer, selfs in moeilike produksietoestande. Hoër produksiekoste, veral brandstof-, elektrisiteits- en gipspryse, het druk op marges geplaas, en bedryfsdoeltreffendheid bly 'n belangrike strategie, wat 'n beter instandhoudingstrategie insluit.

Die bemarkingsbenadering om die geografiese voetspoor na ander gebiede uit te brei, het tot 'n uitgebreide reikwydte vir die Bastion-kalkprodukte gelei. Klantgesentreerdheid en 'n hoë gehalte van klantediensvlakke vir al die verskillende verkoopkanale bly 'n belangrike fokusarea.

Die vooruitsigte vir die volgende seisoen is onseker omdat 'n groot gedeelte van Bastion se klante deur 'n droogte in die middel van die somer geraak is, wat tot laer graanopbrengste gelei het. Kommoditeitspryse sal egter na verwagting sterk bly, wat die risiko vir verlore verkoopsvolumes gedeeltelik verminder. Die fokus vir die volgende seisoen sal op goeie klantediens, bedryfsdoeltreffendhede en omsigtige kostebestuur bly.

## Finansiële dienste

### FINANSIERING EN TESOURIE

Hierdie segment het redelik goed gevaar as gevolg van die hoër gemiddelde uitstaande saldo van die debiteureboek vergeleke met die 2022/2023- finansiële jaar. Die gemiddelde hoër saldo is die gevolg van hoër insetkoste asook markuitbreiding. Klante se betaling van hulle rekeninge is vertraag as gevolg van stygende kommoditeitspryse laat in die seisoen, wat ook tot die hoër gemiddelde uitstaande boek bygedra het.

Die El Niño-weerstoestande het 'n droogte in die middel van die somer veroorsaak, wat oorkoepelend tot verwagte laer gewasopbrengste gelei het. Ons risikomodelle het 'n groter toelating vir kredietverliese genoodsaak.

Die fokus op 'n doeltreffender proses het die afgelope paar jaar tot laer personeelkoste gelei. Die adviseurs van Landboubestuursdienste is met sukses by die Finansiering-afdeling geïnkorporeer. Die ontsluiting van ander interne sinergieë en ander weë om waarde vir klante toe te voeg, sal steeds gevind word.

### VERSEKERING

Die versekeringsbedryf verander voortdurend en daarom word makelaars gekonfronteer met 'n omgewing wat toeneem in kompleksiteit en uitdagings. NWK4Sure Brokers het ten spyte van die uitdagings groei in omset van 13% en 'n groei in netto wins voor belasting van 40% teenoor die vorige jaar getoon.

Die korttermynafdeling het 'n groei van 11% op premie-inkomste behaal. NWK4Sure Brokers het gedurende die jaar 'n Santam Goue Toekenning asook 'n Safire Platinum Toekenning ontvang. Minder hektare is verseker teenoor die vorige seisoen as gevolg van vele uitdagings wat die seisoen gebied het. Alhoewel daar 'n 12%-afname was, was die impak op die oeskommissie minimaal. Die mediese afdeling toon ook groei en NWK4Sure Brokers het gedurende die jaar 'n toekenning van Medshield ontvang. Die langtermyn-versekeringsafdeling is gedurende die jaar 2024 gevestig en daar is ook goeie werk gedoen om die afdeling in die mark te vestig. Bestuur bly daarop gefokus om geleenthede te benut om sigbaarheid en tevredenheid te skep en ten spyte van die veranderde bedryf aan te hou groei.

*NWK4Sure Brokers  
het gedurende die jaar  
'n Santam Goue Toekenning  
asook 'n Safire Platinum  
Toekenning ontvang.*

Die prestasie van die "cell" in Molemi Sele Management, stem ooreen met die van vorige jare, ten spyte van die feit dat daar een minder aandeelhouer in die "cell" was in vergelyking met vorige jare.

Hierdie resultate is verkry deur 'n bogemiddelde debiteureboek wat tot gevolg gehad het dat meer kredietlewendes premies ontvang is. Hierby ingesluit is die kredietlewendes versekering van 'n eksterne party op hulle debiteureboek asook 'n beter premies-tot-eise-verhouding teenoor die vorige jaar.

## Oliepers

Gedurende die huidige finansiële jaar het die plaaslike Suid-Afrikaanse sonneblomru-olie mark beduidende uitdagings hanteer as gevolg van 'n instroming van goedkoop invoere uit die Swartsee-streek. Hierdie situasie het daartoe gelei dat talle groot parsers in Suid-Afrika hulle parsbedrywighede gestaak het en eerder sonneblomru-olie vir hulle verfyningsprosesse ingevoer het. Die prys van sonneblomsaad op Safex het nie voldoende gedaal om 'n ewewig met die koste van die invoer van sonneblomru-olie en sonneblomoliekoek te bereik nie.

Epko het nie presteer soos verwag nie, maar het steeds 'n positiewe resultaat gelewer. Verder het die munisipale krag- en infrastruktuuronderbrekings tot oormatige staantyd gelei – die ergste tot op hede. Om hierdie probleme te versag, is ander metodes gevolg om staantyd te hanteer wat deur munisipale onderbrekings veroorsaak word.

Epko is tans besig om sy ru-olie raffinadery in bedryf te stel, wat die produk- en klantebasis sal vergroot. Die droogte het die produksie van sonneblomsaad in die NWK-produksiegebied op ondergemiddelde vlakke gelaat, wat 'n uitdaging ten opsigte van verkryging en risiko vir Epko in die nuwe finansiële jaar inhou.

Spesiale erkenning gaan aan hierdie graanprodusente, wat volgehou het ten spyte van uitdagende eksterne faktore. Hulle pogings het 'n positiewe bydrae tot die oorkoepelende prestasie van Epko in hierdie uitdagende tydperk gemaak.



## Groep


|                                   | 2024         | 2023         | 2022         | 2021         | 2020         |
|-----------------------------------|--------------|--------------|--------------|--------------|--------------|
|                                   | R'm          | R'm          | R'm          | R'm          | R'm          |
| <b>Finansiële posisie</b>         |              |              |              |              |              |
| Niebedryfsbates                   | 1 480        | 1 351        | 1 105        | 1 020        | 988          |
| Bedryfsbates                      | 4 626        | 4 363        | 3 966        | 3 234        | 1 956        |
| Niebedryfsbates vir verkoop gehou | -            | -            | 5            | 5            | 5            |
| <b>Bates</b>                      | <b>6 106</b> | <b>5 714</b> | <b>5 076</b> | <b>4 259</b> | <b>2 949</b> |
| Ekwiteit                          | 2 086        | 1 905        | 1 681        | 1 487        | 1 372        |
| Laste                             | 4 020        | 3 809        | 3 395        | 2 772        | 1 577        |
| Niebedryfslaste                   | 282          | 277          | 40           | 24           | 19           |
| Bedryfslaste                      | 3 738        | 3 532        | 3 355        | 2 748        | 1 558        |
| <b>Ekwiteit en laste</b>          | <b>6 106</b> | <b>5 714</b> | <b>5 076</b> | <b>4 259</b> | <b>2 949</b> |

|  | 2024 | 2023 | 2022 | 2021 | 2020 |
|--|------|------|------|------|------|
|  | %    | %    | %    | %    | %    |
| <b>Kapitaalverhoudings</b>                           |      |      |      |      |      |
| Ekwiteitsverhouding                                  | 34   | 33   | 33   | 35   | 46   |
| Solvensieverhouding                                  | 152  | 150  | 150  | 154  | 187  |
| Bedryfsverhouding                                    | 124  | 124  | 118  | 118  | 126  |
| Vuurproefverhouding                                  | 93   | 92   | 97   | 99   | 97   |
| Heffingsverhouding<br>(skuld-tot-ekwiteitverhouding) | 191  | 198  | 201  | 186  | 114  |

## Formules

Die solvensie- en likiditeitsverhoudings van die groep is met behulp van die volgende formules bereken: **Ekwiteitsverhouding** = ekwiteit ÷ bates x 100; **solvensieverhouding** = baste ÷ laste x 100; **bedryfsverhouding** = bedryfsbates ÷ bedryfslaste x 100; **vuurproefverhouding** = bedryfsbates minus voorraad en voorafbetaalde uitgawes ÷ bedryfslaste x 100; **heffingsverhouding** = laste minus uitgesteldebelastingaanspreeklikheid ÷ ekwiteit x 100.

## Kapitaalverhoudings



## Groep

|   | 2024         | 2023         | 2022         | 2021         | 2020         |
|---|--------------|--------------|--------------|--------------|--------------|
|   | R'm          | R'm          | R'm          | R'm          | R'm          |
| <b>Laste</b>  |              |              |              |              |              |
| Lenings   | 3 881        | 3 651        | 3 220        | 2 655        | 1 502        |
| Betaalbaar binne 'n jaar                                    | 3 643        | 3 423        | 3 193        | 2 638        | 1 496        |
| Betaalbaar ná 'n jaar, maar nie langer as twee jaar nie     | 70           | 53           | 17           | 14           | 5            |
| Betaalbaar ná twee jaar, maar nie langer as vyf jaar nie    | 153          | 115          | 9            | 3            | 1            |
| Betaalbaar ná vyf jaar, maar nie langer as tien jaar nie    | 15           | 60           | 1            | -            | -            |
| Ander laste   | 139          | 158          | 175          | 117          | 75           |
| Uitgesteldebelaastingaanspreeklikheid                       | 40           | 40           | -            | -            | 7            |
| Lopende belastingaanspreeklikhede                           | 6            | 7            | 18           | 16           | -            |
| Voorsienings  | 21           | 18           | 29           | 26           | 11           |
| Oplopende vergoeding vir afwesighede                        | 38           | 38           | 36           | 38           | 33           |
| Aanspreeklikhede uit kontrakte met klante                   | 34           | 55           | 92           | 37           | 24           |
| <b>Totale laste</b>   | <b>4 020</b> | <b>3 809</b> | <b>3 395</b> | <b>2 772</b> | <b>1 577</b> |
|   |              |              |              |              |              |
|   |              |              |              |              |              |
|   |              |              |              |              |              |
| <b>Lenings</b>  |              |              |              |              |              |
| Banklenings en oortrokke rekenings betaalbaar binne 'n jaar | 1 912        | 1 859        | 2 011        | 1 551        | 1 182        |
| Korttermynlenings (kommoditeitsgebaseer)                    | 315          | 360          | 800          | 567          | 108          |
| Oortrokke rekenings   | 1 597        | 1 499        | 1 211        | 984          | 1 074        |
| Finansiëlebruikhuurkontrak-aanspreeklikhede                 | 312          | 282          | 49           | 29           | 16           |
| Betaalbaar binne 'n jaar                                    | 74           | 54           | 22           | 12           | 10           |
| Betaalbaar ná 'n jaar, maar nie langer as twee jaar nie     | 70           | 53           | 17           | 14           | 5            |
| Betaalbaar ná twee jaar, maar nie langer as vyf jaar nie    | 153          | 115          | 9            | 3            | 1            |
| Betaalbaar ná vyf jaar, maar nie langer as tien jaar nie    | 15           | 60           | 1            | -            | -            |
| Ander lenings betaalbaar binne 'n jaar                      | 1 657        | 1 510        | 1 160        | 1 075        | 304          |
| Handelskrediteure betaalbaar                                | 707          | 770          | 479          | 477          | 208          |
| Fidusiële aanspreeklikhede                                  | -            | -            | 1            | -            | -            |
| Afgeleide finansiële laste                                  | 876          | 684          | 627          | 535          | 58           |
| Korttermynlenings (op-aanvraagdeposito's)                   | 74           | 56           | 53           | 63           | 38           |
| <b>Totale lenings</b>                                       | <b>3 881</b> | <b>3 651</b> | <b>3 220</b> | <b>2 655</b> | <b>1 502</b> |

## Groep

|  | 2024  | 2023               | 2022               | 2021               | 2020               |
|--|-------|--------------------|--------------------|--------------------|--------------------|
|  | R'm   | R'm                | R'm                | R'm                | R'm                |
| <b>Finansiële oorsig</b>   |       |                    |                    |                    |                    |
| Inkomste   | 5 856 | 4 870 <sup>#</sup> | 3 840 <sup>#</sup> | 3 075 <sup>#</sup> | 2 339 <sup>#</sup> |
| Bedryfswins voor finansieringskoste  | 607   | 557                | 420                | 321                | 185                |
| Finansieringskoste   | (310) | (255)              | (121)              | (116)              | (93)               |
| Bedryfswins  | 297   | 302                | 299                | 205                | 92                 |
| Proporsionele gedeelte van die wins van geassosieerde en gesamentlike ondernemings | 26    | 58                 | 47                 | 20                 | 10                 |
| Wins voor belasting  | 323   | 360                | 346                | 225                | 102                |
| Belasting  | (77)  | (77)               | (79)               | (57)               | (29)               |
| Wins uit voortgesette bedrywighede   | 246   | 283                | 267                | 168                | 73                 |
| Wins vir die jaar  | 246   | 283                | 267                | 168                | 73                 |
| Ander omvattende inkomste  | 2     | (1)                | (8)                | 3                  | (2)                |
| Totale omvattende inkomste   | 248   | 282                | 259                | 171                | 71                 |

# Hersaamgestel in 2023- finansiële jaar

|   | 2024 | 2023 | 2022 | 2021 | 2020 |
|---|------|------|------|------|------|
|   | R'm  | R'm  | R'm  | R'm  | R'm  |
| <b>Wins vir die jaar</b>                                    |      |      |      |      |      |
| Wins toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy | 245  | 283  | 267  | 154  | 47   |
| Wins toeskryfbaar aan niebeherende belange                  | 1    | -    | -    | 14   | 26   |
| Wins vir die jaar   | 246  | 283  | 267  | 168  | 73   |


|  | 2024 | 2023 | 2022 | 2021 | 2020 |
|--|------|------|------|------|------|
|  | R'm  | R'm  | R'm  | R'm  | R'm  |
| <b>Omvattende inkomste</b>   |      |      |      |      |      |
| Omvattende inkomste toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy | 247  | 282  | 259  | 157  | 45   |
| Omvattende inkomste toeskryfbaar aan niebeherende belange                  | 1    | -    | -    | 14   | 26   |
| Totale omvattende inkomste   | 248  | 282  | 259  | 171  | 71   |

## Groep

Finansiële prestasie  
per segment

|                             | 2024  | 2023  | 2022  | 2021  | 2020  |
|-----------------------------|-------|-------|-------|-------|-------|
|                             | R'm   | R'm   | R'm   | R'm   | R'm   |
| Landboukommoditeite         | 241   | 183   | 174   | 154   | 96    |
| Handel                      | 74    | 178   | 182   | 133   | 49    |
| Finansiële dienste          | 142   | 112   | 109   | 79    | 89    |
| Oliepers                    | 9     | 41    | 29    | 9     | (1)   |
| Wins uit die bedryfsegmente | 466   | 514   | 494   | 375   | 233   |
| Korporatief                 | (143) | (154) | (148) | (150) | (131) |
| Wins voor belasting         | 323   | 360   | 346   | 225   | 102   |
| Belasting                   | (77)  | (77)  | (79)  | (57)  | (29)  |
| Wins vir die jaar           | 246   | 283   | 267   | 168   | 73    |
| Ander omvattende inkomste   | 2     | (1)   | (8)   | 3     | (2)   |
| Totale omvattende inkomste  | 248   | 282   | 259   | 171   | 71    |

## Segmentele resultate (R'm)






  
**Groep**

|  | 2024 | 2023 | 2022 | 2021 | 2020 |
|--|------|------|------|------|------|
|  | Sent | Sent | Sent | Sent | Sent |
| <b>Verdienste per aandeel</b>                                  |      |      |      |      |      |
| Basiese en verwaterde verdienste                               | 242  | 273  | 249  | 160  | 61   |
| Basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette bedrywighede | 242  | 273  | 249  | 160  | 61   |

### Formules

Basiese en verwaterde verdienste per aandeel, basiese en verwaterde verdienste per aandeel uit voortgesette bedrywighede en basiese en verwaterde verdienste per aandeel uit beëindigde bedrywighede is bereken deur die wins toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy, die wins uit voortgesette bedrywighede toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy en die wins of verlies uit beëindigde bedrywighede toeskryfbaar aan die eienaars van die beheermaatskappy te deel deur die geweeegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele gedurende die onderskeie jare, naamlik 101 091 429, 103 580 291, 107 457 664, 95 886 675, en 76 212 831.

|  | 2024 | 2023 | 2022 | 2021 | 2020 |
|--|------|------|------|------|------|
|  | R'm  | R'm  | R'm  | R'm  | R'm  |
| <b>Verdienste</b>  |      |      |      |      |      |
| Verdienste   | 246  | 283  | 267  | 168  | 73   |
